



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Joh 4:1-30 Jesus kan ook jódors les

Lewende water

Hierdie gedeelte gee ons 'n kykie in Jesus se lewe, weg van die gedrang van die skares wat Hom so dikwels toegepak het. Jesus is by Sigar, 'n Samaritaanse dorp. Dis die warmste deel

van die dag. Hy is dors, en Hy rus by 'n put. Of dalk was dors nie regtig die hoofsaak nie. Dalk was dit bloot 'n manier om 'n gesprek met die vrou aan te knoop. Ons weet nie.

Wat ons wel weet, is dat die Samaritaanse vrou allerhande jakkalsdraaie gooit toe Jesus vir haar water vra. Eers praat sy oor die kultuurgebruike van destyds (9), en toe praat sy oor 'n skepding (11) en die feit dat die aartsvader Jakob die put gegrawe het (12). Sy probeer die hele tyd met Jesus redeneer om die gesprek weg van haarself te hou.

Jesus stuur egter die gesprek baie netjies weg van hareklowery na dit wat Hy vir die vrou kan bied: die lewende water. Hy sê in vs 14: Wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.

Dink net: 'n fontein in jou binneste, bruisend van lewe! Is dít hoe jy jou geestelike lewe sal beskryf?

Miskien moet ek op dié stadium net eers sê waarvan Jesus hier praat. Wat is die lewende water wat Hy vir ons wil gee? Daar is veral twee antwoorde, wat eintlik baie na aan mekaar is. Die een is dat die Jode na die Wet (ons sou sekerlik ook kon sê die Bybel) as 'n fontein van lewende water verwys het. Dink maar aan Psalm 1, wat sê die man wat sy vreugde in die Woord van die Here vind en dag en nag daaroor nadink, se lewe is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is. 'n Tweede verklaring kry ons in Joh 7:37-39, waar Jesus by die Huttefees sê: As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. En dan verduidelik Johannes: Hiermee het Hy na die Gees verwys ... 'n Mens daarom ook kon sê die lewende water wat Jesus gee, word deur die Gees in ons gewerk, na die mate dat ons mense van die Woord is.

Hoe kry ons deel daaraan?

So hoe kry ons hierdie ongelooflike borrelende fontein lewende water in ons binneste? Jesus sê vir die vrou jy moet dit vir Hom vra (vs 10). Dis water wat Hy ons gee (vers 14), en ons moet daarvan drink (vers 14). Daar is twee goed wat ons moet doen om dit te kry: Jy moet met jou dors na Jesus toe gaan. En dan moet jy die lewende water wat Hy gee, drink.

Jy sien, hierdie fontein lewende water is nie vir almal nie, en dit borrel nie sommer vanself in ons binneste op nie. Dis vir mense wat naby aan die Here leef, Hom volg, mense wat nuutgemaak is deur die werk van die Gees. Of kom ons stel dit anders: dis vir mense wat hulle lewens oopgemaak het dat Jesus kan inkom.

Ek wil vanoggend vir jou vra: Het jy al jou lewe vir die Here oopgemaak? Het Hy al in jou lewe ingestap? Want dit kan gebeur dat jy al jare lank lidmaat van die kerk is, gereeld hier in die kerk sit, maar nog nooit by die punt gekom het dat jy die Here innooi in jou lewe nie. Of soos Jesus sê, nog nooit na Hom toe gekom het nie. Vandag is jou kans! Ek wil jou nooi om met my te kom praat as jy hieroor meer wil weet, of onseker is oor waar jy met die Here staan. Ek wil jou graag help.

Dors

Maar dit lyk my om die Here in jou lewe in te nooi, gaan nog nie die borrelende fontein in jou binneste laat ontspring nie. Ek dink dít is hoekom party van ons vir jare kinders van die Here is, maar net nooit 'n vreugdevolle geloofslewe het nie. Want jy moet dors na hierdie lewende water. Jy moet dit by die Here Jesus soek, jy moet 'n innige verhouding met die Here hê. En dit kom nie vanself nie. Dit kom deur jouself doelbewus oop te stel vir sy leiding, te smag daarna dat sy Gees jou verander en vernuwe, deur sy Woord jou rigsgaande te maak, deur Jesus in alles na te volg, op Hom gerig te lewe, Hom eerste te stel.

Daarom wil ek nog 'n vraag vra, vir jou wat reeds jou lewe vir die Here oopgemaak het: Dors jy na hierdie water? Leef jy vir die Here? Laat jy Hom toe om jou te rig deur sy Woord en sy Gees? Lees jy jou Bybel en oordink dit dag en nag?

Hoe het die Here nou weer gesê? Elkeen wat van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.

Dink net: 'n fontein met water wat opborrel, binne-in jou! Dís mos die lewe in oorvloed wat Jesus vir jou wil gee!

Weerloos

Net 'n laaste opmerking oor hierdie ontmoeting. Jesus kom weerloos na die vrou (vs 7). Dis heeltemal anders as die aanvaarde gebruike van destyds (vgl v 27). Ek bedoel, Hy is 'n man, en Hy praat met 'n vrou. 'n Rabbi mag nie eers met sy eie vrou of suster of dogter in die openbaar gepraat nie; wat nog van 'n vreemde vrou! (Die Jode het destyds gebid: dankie dat ek nie 'n hond of 'n heiden of 'n vrou is nie. Regtig.) En asof dit nie genoeg is nie, sit Hy nie daar as die Een wat alles kan doen en daarom alles vir die vrou doen nie. Hy sit daar, en maak Homself afhanklik van haar hulp.

Liewe broers en susters kerkraad, partykeer dink ons ons moet al die antwoorde hê, ons moet al die dinkwerk doen, en dan moet ons nog alles doen ook vir ander. Dis nie hoe Jesus is nie; dis nie wat gebeur as Hy jou lewe oorneem nie. Jy word nie 'n supergelowige wat presies weet wat om in 'n bepaalde situasie te doen of te sê nie. Jy word 'n instrument, 'n kanaal, deur wie die liefde en genade, die lewende water wat net Hy kan gee, na ander vloei.

Mag julle as leiers van die gemeente hierin vir Jesus volg!

Amen.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Voorspel tot die sondvloed

“Genade, Noag, het jy ’n spook gesien?” vra sy vrou toe hy uiteindelik by die huis kom.

“Nee,” antwoord hy, sy stem dood. “God het met my kom praat. Hy sê ek moet ’n skip bou, groot genoeg vir my en jou en die kinders en hulle vrouens, en ’n klomp diere. Hy gaan ’n vloed

stuur wat die hele aarde sal oordek. Almal gaan verdrink.”

“Maar ... dis verskriklik,” is al wat sy uitkry. Dan: “Maar hoekom sou Hy so iets doen?”

“Oor die mense se sonde. Hy sê Hy berou dit dat Hy mense gemaak het, want hulle is korrupt en besoedel sy mooi wêreld met hulle sonde.”

“Wel, Hy is reg, hoor.”

“Ja. Maar wat van al die mense? Wat van ons eie mense? Ons moet vanmiddag saam met hulle feesvier, en dit terwyl God se oordeel enige dag oor ons kan losbreek. Wat sê ons vir hulle?”

“Ons moet hulle waarsku, Noag! Miskien, as hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dinge, sal die Here die wêreld spaar! Dis tog oor die mense korrupt is dat Hy dit wil vernietig. Maar as hulle hulle sondes los, is dit mos nie meer nodig nie.” Die hoop spring terug in haar oë terwyl sy praat.

“Dink jy hulle sal na ons luister?”

Noag besluit om ter wille van Gam se fees vir eers niks te sê nie. Hy kan later met die familie praat. Maar die woorde van God druk swaar op sy hart, en hy kry nie die weemoed van hom afgeskud nie, sodat sy pa later kliphard vra: “Wat is dit vandag met jou, Noag? Is jy dan nie bly oor Gam se verjaardag nie? Vir wat sit jy met so 'n afdraand gesig soos 'n wasklip?”

Hy wil eers maak of hy nie sy pa gehoor het nie, maar dit help nie. Sy pa het so hard gepraat dat almal stilbly en na hom kyk. “Ag, ek weet nie of dit nou 'n goeie tyd is ...” gooi hy wal.

“Ag nee wat, ou Noag,” brul sy een swaer van die ander kant van die vertrek, “nou is dit net so ’n goeie tyd soos enige ander een. Ons is nou almal bymekaar, en ons wil weet wat aangaan.”

“Ja, uit daarmee!” skreeu die ander, nou al lekker vrolik van Gam se wyn en bier.

“Hy is seker beswaard oor ons nie almal so vroom soos hy is nie,” lag Jarmoet, sy broer wat net ouer as hy is. Noag se vroomheid is al vir jare ’n steen des aanstoots vir ’n groot deel van die familie.

Lameg gaan in die middel van die vertrek staan en hou sy hande omhoog. “Wag, mense, gee die man ’n kans. Laat ons hoor wat hy te sê het.”

Almal is nou stil en kyk afwagtend na Noag, sodat hy noodgedwonge vir hulle van sy ontmoeting vertel: “Jarmoet is nader aan die waarheid as wat hy besef,” begin hy, en hou sy hand op toe een weer ’n skewe aanmerking wil skree. “Die Here God het vanoggend aan my verskyn. Hy sê Hy gaan die wêreld vernietig omdat die mense hulle nie aan Hom steur nie en verrot is.”

“Gaan Hy alles met vuur doodbrand, of gaan die hemel op ons koppe val?” lag een van die nefies effens senuweeagtig.

“Hy gaan ’n groot vloed stuur. Almal gaan verdrink. Elke enkele mens op aarde, en die diere. Die hele lot.”

“Nou maar hoekom sê God dit vir jou, ou swaer?”

“Omdat ek ’n ark moet bou vir my en my gesin en vir ’n klomp diere, sodat ons die vloed kan oorleef.”

“Kaptein Noag!” brul Jarmoet. “Wie gaan stuurman wees? Sem of Jafet? Of moet ons verjaardagmaatjie liewer die boot stuur? Bevare seeman Gam!”

“Ahoi, kaptein!” lag een van die ander en spring op aandag.

Noag hou sy hande op om stilte te kry, en na 'n rukkie bedaar die mense tog, hoewel daar kort-kort een proes. “Ek glo ons kan die ramp afweer as ons almal ons tot die Here God bekeer en breek met ons sonde. Daarom pleit ek by julle: moenie grappies oor hierdie ding maak nie. Dis 'n saak van lewe en dood: julle eie lewe. Julle kan voorkom dat die aarde verdelg word as julle julle tot God wend.”

“Lekker vir ou Noag! Kom ons drink iets op hom,” skree Jarmoet.

“Ja, laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre versuip ons!”

“Behalwe natuurlik oom Noag met sy skip en sy span matrose. Lank lewe kaptein Noag ben Lameg!”

Uit my boek “[Die Bybelroman](#)”



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)

- [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hagar

Die vrou wat 'n groot kop gekry het

Genesis 16

Snaaks hoedat party mense hulleself kan verhef oor sake wat geen prestasie van hulle eie is nie. Die skreiendste hiervan is seker wanneer 'n vrou wat nooit enige probleme gehad het om swanger te word nie, meerderwaardig praat oor dié of daardie vrou wat mos nie kinders kan hê nie of tog so sukkel om swanger te word, siestog, so asof dit hulle eie goedheid is wat kinders in hulle skoot geplaas het. Ons lees op twee plekke in die Bybel van sulke vroue: Peninna, die tweede vrou van Elkana, die profeet Samuel se pa (1 Samuel 1); en dan ook Hagar, die slavin van Sarai. Albei het groot koppe gekry omdat hulle kinders kon hê terwyl hulle mans se eerste vrou kinderloos was. (Dit laat 'n mens nogal wonder hoe op aarde party mense deesdae weer kan pleit dat poligamie gewettig moet word! Maar dit net so terloops.)

Sy was al lankal jaloers op mevrou Sarai, dit erken Hagar ruiterlik aan haarself. Nie soseer omdat sy 'n slavin is en mevrou Sarai vry nie; dit sekerlik ook! Maar veral omdat Mevrou die wonderlikste man het. Meneer Abram het sulke sagte oë. Sy het dit al die heel eerste dag gesien, toe die farao haar daar in Egipte aan Mevrou gegee het as slavin. Meneer Abram is 'n goeie man, van die puntjie van sy groottoon tot op die kroontjie van sy grys kop. Hy sal nie 'n vlieg seermaak nie. En hy was altyd hoflik met haar, al is sy 'n slavin. Hulle het mekaar dikwels gesien, want sy moes Mevrou altyd help met haar klere en met die kamer en so. En dan, as Meneer so liefdevol met Mevrou gepraat het, of aan haar wang gestreel het, of haar gesoen het voordat hy weggaan, wou sy skree van frustrasie. Maar sy het nie, want sy is 'n slavin en sy moet haar plek ken.

Maar nou is al dié dinge iets van die verlede. Sy kan haar geluk skaars glo. Meneer het haar as byvrou geneem, en wanneer hy saans na haar tent toe kom, is sy liefdevolle aanraking háre. Weliswaar net vir kort rukkies op 'n keer, maar dis al 'n begin. Sy glimlag by haarself. Ja-nee, sy is nie so 'n treurige vrou soos Mevrou nie. Hoe lank is Mevrou al Meneer se vrou? Sy weet nie eens nie, maar dit moet baie lank wees. En in al daardie jare het Mevrou nie eers een keer swanger geword nie. Nie eers soveel as 'n miskraam nie! Niks. En hier is sy, skaars 'n maand lank Meneer se byvrou, en haar maandstonde het al klaar weggebly. Vanoggend was sy naar ook, so sy wéét. Sy gaan Meneer se eersteling in die wêreld bring. Sy weet sommer dit gaan 'n seunskind wees, groot en sterk en wild soos sy. En dan, as hy eers die erfgenaam van Meneer se skatte is – en daar is baie, meer as wat sy ooit kon droom een mens kan besit – dan sal sy wat Hagar is soos 'n koningin lewe.

Sy sit die wasgoed van Mevrou neer en kyk op na waar haar meneer se skape wei. Sy probeer die trop tel, maar laat dit later vaar. Daar is te veel om te tel. En dan is daar nog die donkies, en die kamele, en die beeste, om nie van al die slawe te praat nie ... Sy vryf oor haar buik, en glimlag weer. Die baba wat sy dra, gaan van haar 'n skatryk vrou maak.

Sy kyk na die bondel wasgoed voor haar, en daarvandaan op na Mevrouw se tent. Haar mondhoeke trek af van die bitterheid. Hoekom moet sy wat Meneer se eersteling verwag, sy wat die ma van die erfgenaam gaan word, hoekom moet sy nog met sleurwerk soos wasgoed opgesaai wees? Wat is Mevrouw beter as sy?

Sy staan van haar knieë af op, bondel die wasgoed in haar arms en loop na Sarai se tent. Dinge sal nou moet verander en sommer gou ook! "Sarai!" roep sy, haar stem skril.

Sarai kom verbaas by die tent uit. "My goeiste, Hagar, is jy tog nie al klaar met die wasgoed nie?"

"Nee. Ek het nog nie begin nie," antwoord sy bitsig, en gooi die wasgoed met 'n groot gebaar in die stof voor die tent neer. "Ek het besluit ek is nie langer jou meid nie. Jy kan dit self gaan was."

Sarai word bleek. "Hoe durf jy so met my praat!"

Hagar vou haar arms voor haar bors en kap terug: "Ek kan maak soos ek wil. Ek verwag Meneer se seun, en dis meer as wat jy ooit sal kan sê. So moenie dink ek gaan langer enige snert van jou vat nie. Verstaan ons mekaar?"

"Nee, Hagar, ons verstaan mekaar glad en geheel nie," antwoord Sarai, nou kalmer nadat die eerste skok effens bedaar het. "Ek is bly om te hoor jy het so gou swanger geword, want dan is dit nie meer nodig dat Meneer saans by jou tent 'n draai maak nie. En verder moet jy een ding sommer baie gou verstaan, ou sussa: die feit dat jy verwag, maak jou nie my speelmaat nie. Jy is my slavin, en dit is wat jy sal bly, verwagting of te not."

Hagar trek haar asem in om 'n antwoord terug te blaf, maar Sarai is al halfpad terug in haar tent in. Met die wegloop sê sy: "Daardie wasgoed is nie skoon nie, sien ek. Jy beter dit skoon kry voor vanaand, want dit lyk my daar kom reën aan."

"Ek sal my nie langer laat rondstoot deur 'n onvrugbare ou bok nie!" skree Hagar. "Ek is ook Meneer se vrou, 'n regte vrou wat vir hom kinders sal gee. Ek hoef nie na jou gesanik te luister nie." Met dié draai sy op haar hak om en loop kop in die lug weg.

James Dobson het gesê: “Verwaandheid is ’n eienaardige siekte. Dit maak almal siek, behalwe die een wat dit het.” Maar dis nie heeltemal waar nie. Verwaandheid tas tog die een met die groot kop óók aan. Dit verwring haar perspektief. Sy sien net haar eie kant van ’n saak. Ander se gevoelens en motiewe tel nie. Sy word ’n heldin in haar eie oë, en die mense om haar word die uitvaagsels, die minderwaardiges, die onwaardiges. Daarom hoef sy nie meer ander met respek te behandel nie, want hulle is dit nie werd nie. Net sý, die grote deurlugtige, is al die respek en eerbied waardig. Verwaandheid is sowaar ’n snaakse siekte!



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)

- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword

Die evangelie, die goeie nuus wat die Bybel aan ons oordra, is dat God met ons praat en wil praat. Van die begin af was dit so, en reg deur die Bybel hoor ons dit telkens: God is 'n sprekende God. God praat, want Hy is nie in Homself gekeer nie. Hy kommunikeer in Sigself, en met ons.

Dis hoe ons in die eerste boek van die Bybel God leer ken. In die begin het God die hemel en die aarde gemaak, uit niks uit, deur sy magswoord (Gen 1). In Psalm 33:9 lees ons: Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.

Johannes sluit in sy Evangelie hierby aan. Hy herinner ons dat God 'n sprekende God is, van die begin af. Dit is waarom die evangelie gaan, wil Johannes vir ons onderstreep: Met Jesus se menswording het God aarde toe gekom om met ons te kom praat. Daarom noem Johannes die Seun van God die Logos; die Woord, want dit is wat Hy kom doen het – deur Jesus het God sy boodskap van genade en waarheid aan ons kom oordra (vgl vers 17). Die Hebreërskrywer (1:1-3a) stel dit só:

In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur sy Seun ... Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese.

In Johannes 14:9b sê Jesus dit self ook: Wie My sien, sien die Vader.

Kom ek sê dit nog 'n keer: in Jesus kom God aan die woord;

hoor ons God praat. Wat ons nou by die groot vraag bring: Waar staan jy met Jesus? Sal jy sy stem herken? Jesus het mos in Joh 10 vertel dat sy skape na hulle herder se stem luister en nie 'n vreemde sal volg nie, omdat hulle sy stem nie ken nie (10:3-5).

So dís die eerste uitdaging: dat ons Jesus só goed sal ken dat ons sy stem sal herken; dat ons Hom sal hoor praat te midde van al die ander stemme om ons. Want in die moderne wêreld word ons oordonder deur die media-geraas en deur ander stemme wat meeding om ons aandag: TV, koerant, Facebook, WhatsApp ... Dit raak later so 'n groot gedruis dat ons God nie meer goed kan hoor nie.

Ek sê nie al dié ander stemme wat om ons opklink en meeding om ons aandag is noodwendig uit die bese nie, maar as ons dit nie soms doelbewus uitdoof nie, gaan ons sukkel om God se stem tussen al die ander te hoor. Want God praat nie hard nie. Hy oordonder ons nie. Hy skree nie. Hy praat sag, en net dié wat hulle op sy stem instel, sal Hom hoor.

Daar is mos die wonderlike deel van die Elia-verhaal, waar hy gevlug het vir Isebel en dan in 'n grot by die berg Horeb gaan weggroep het (1 Kon 19). Toe kom God na hom en sê hy moet uitkom, Hy wil met hom praat. Dan is daar 'n geweldige sterk wind wat die berge geskeur het, maar die Here was nie in die wind nie. Toe kom daar 'n aardbewing, maar ook in die aardbewing was die Here nie, of in die vuur daarna nie. Ná die vuur was daar 'n sagte gesuis, of soos die NAV vertaal het, 'n sagte suising in die windstilte, en toe weet Elia God is daar (1 Kon 19:11-13).

God oordonder ons nie met sy stem nie, hoewel Hy dit natuurlik ook kan doen, soos ons dikwels in die Ou Testament lees, bv by die berg Sinai. Dit was nog altyd so. Dikwels moet jy jou ore spits om Hom te kan hoor. Daarom, toe God sy Woord na die wêreld gestuur het, basuin Hy dit nie uit op die pleine van Jerusalem nie. Nee, Hy begin sy bediening in Galilea, weg van

die geraas, en die mense moes moeite doen om Hom te gaan soek. Hulle moes hulle gewone besig-wees los sodat hulle God se Woord kon hoor.

So, kom ek vra jou: Wat is die hardste stem in jou ore? Of anders gestel: Is Jesus se stem die hardste stem in jou lewe? Dís die vraag. Hoor jy God nog praat?

Wat is jou antwoord? As jou antwoord nee is, het jy 'n baie groot probleem. Want dan het die Woord tevergeefs vir jou mens geword!

Dalk dink jy nou: Dis waar. Ek sukkel om die geraas van ander stemme in my lewe af te skakel. En ek weet goed, dit ís nie so eenvoudig nie. Dit vra groot selfdisipline. Dit vra dat jy tyd moet maak om God te hoor. Dit vra dat jy 'n plek moet kry waar jy stil kan word, sodat al die ander geraas uitgedoof kan word – jou binnekamer, of iewers in die natuur, sodat jy sonder steurings die Woord kan hoor praat. Hoe het Jesus nou weer gesê? Maar jy, wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak jou deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is ... (Matt 6:6) Sit af jou selfoon. Skakel die radio of TV of rekenaar af. En neem dan God se Woord in jou hand, en lees dit luisterend, met gespitse ore. Laat God toe om met jou te praat. Maar wees gewaarsku: moenie haastig wees nie, want dan gaan jy lankal weer met die geraas in jou ore sit voordat God aan die woord gekom het.

God se Woord word mens. Dit is die hart van die evangelie, sê Johannes 1. Hy het aarde toe gekom, want Hy wil met ons praat. Maar as ons nie stil word en die geraas van die lewe om ons afskakel nie, gaan ons Hom nie hoor nie.

En van hoor gepraat: Ons kan nie kies wat ons wil hoor as ons God se stem toelaat in ons lewe nie. As ons na God luister, moet ons na alles wat Hy sê, luister. As jy nie na alles luister wat Hy vir jou sê nie, gaan jy uiteindelik niks hoor wat Hy sê nie. Want God se Woord bring nie net troos en genade

nie. Dit bring ook die waarheid (vs 17). God se Woord is nie net vol wonderlike genade-beloftes nie, dit stel sonde en verkeerdhede aan die kaak. As jy van sy genade wil hoor, sal jy ook na sy waarheid moet luister. En dikwels is dit wat ons die minste wil hoor, juis dit wat ons die nodigste het om te hoor.

Mag ons, ek en jy, genoeg tyd maak om God se stem in sy geskrewe Woord, die Bybel, te hoor. Net dan sal die lewende Woord, Jesus Christus, by jou inwoon. En dan sal jy ook uit sy oorvloed genade op genade ontvang.

Amen.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)

- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Lot se dogters

Hulle het hulle dilemma op die verkeerde manier opgelos

Genesis 19:29-38

Lot se dogters het 'n baie groot probleem gehad. Ná die ramp wat hulle ma se lewe geëis het, het hulle pa 'n kluisenaar geword en in die berge gaan wegkruip. In 'n samelewing waar jou pa namens jou onderhandelings met die oog op 'n huwelik moes aanknoop, is dit bykans onmoontlik om getroud te kom as jou pa in 'n grot woon en weier om uit die berge pad te gee ...

“Wat gaan van ons word, Ousus?” wil sy die soveelste keer weet. Haar stem bewe.

“Ek weet nie. My kop is al stukkend gedink, maar ek kry nie 'n oplossing nie. Al wat ek weet is dat ons mans sal moet kry, want as ons nie kinders het nie ...” Sy maak nie haar sin klaar nie, maar dis ook nie nodig nie. Sonder kinders het jy nie 'n toekoms of 'n oudag om voor te wag nie, en niemand wat na jou sal omsien as jy swak en oud is nie.

“Wel, óns sal iets moet doen. Jy en ek. Want Pá gaan nie vir ons mans kry nie. En daar is niemand anders wat ons kan help nie. In elk geval nie hier in die berge nie. Ek weet nie wanneer laas ek 'n ander mens gesien het nie.” Sy kyk moedeloos na die grot waar hulle pa in 'n patetiese bondeltjie

voor die vuur sit en bewe. "As Ma net hier was! Sy sou geweet het wat om te doen."

"As Ma hier was, was ons nie nou in hierdie penarie nie. Dis net vandat sy dood is, dat Pa so snaaks geword het. Weet jy dat hy die anderdag vir my Mamma gesê het. Hy het na my gekyk asof ek Ma is, en toe vir my probeer soen! Ek het so groot geskrik, ek het sommer weggehardloop."

"Siestog, jong. Pa mis Ma baie. Hy was baie lief vir haar."

"Ek weet. Dis agter háár aan dat hy besluit het om in Sodom te gaan woon. Oom Abraham was destyds baie ontsteld daaroor, maar Ma wou niks weet nie, en Pa het maar ewe gedwee gemaak soos Ma gesê het."

"Wat dink jy sou Ma gemaak het as sy hier was?"

"Ek weet nie. Maar miskien ..." Sy kry 'n veraf kyk in haar oë, en 'n halwe glimlag speel om haar mondhoeke.

"Miskien wat? Vertel, jong!" por haar jonger suster haar aan toe sy nie dadelik verder praat nie.

"Pa mis Ma baie. Dit weet ons albei."

"Ja, maar hoe gaan dit ons help om mans in die hande te kry?"

"Maklik! Ons maak of ons Ma is, en dan slaap ons by Pa, en dan kry ons by hóm kinders!"

"Ag nee sies man! Dis 'n walglike plan. By Pá slaap? Nooit."

"Het jy 'n beter plan?"

"Nee, maar dis g'n stuk 'n plan wat jy het nie. Dis 'n siek besigheid, dis wat dit is. En buitendien, Pa sal sy fout agterkom lank voordat ... jy weet wat." Sy bloos verleë by die gedagte.

"Hy sal niks agterkom nie, want ek gaan hom eers dronk maak. Nou nie té dronk nie, want hy moet darem nog sy ding kan doen, maar dronk genoeg om nie mooi te weet wat is wat nie." Sy vryf haar hande teen mekaar, ingenome met haar blink idee. "Ek onthou nog hoe Ma hom altyd so in die nek gebyt het. Dit maak hom rasend, het Ma my eenkeer vertel. Net vanaand nog doen ek dit ook. Pa sal nie weet wát hom getref het nie. Ek wonder hoekom ek nie al lankal daaraan gedink het nie?"

Lot se dogters was nie regtig in 'n doodloopstraat nie. Daar was altyd die moontlikheid dat hulle hulle kon beroep op hulle oom Abraham se goedhartigheid. Hy het hulle tog al by 'n vorige geleentheid ook gehelp, die keer toe hulle as slawe gevang is deur Kedorlaomer se manne (Genesis 14). Hy sou beslis vir hulle goeie mans kon kry.

Hoekom hulle teen dié uitweg besluit het, weet nugter. Miskien is dit die aanvaarbaarste om te sê as jy in die noute is, kan jy maklik 'n dwase uitweg kies. 'n Benoude kat maak benoude spronge, sê die spreekwoord. Daarom is dit so belangrik dat 'n mens jou keuses biddend moet maak, sodat die Heilige Gees jou in jou besluite kan lei, soos Dawid in Psalm 16:8 (ou vertaling) gesê het: “Ek stel die Here altyddeur voor my. Omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.” Anders kan jy lelilik struikel, soos Lot se dogters ...

Onlangse Bydraes

- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)

▪ [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026